EVERSDAL
LAERSKOOL
PRIMARY SCHOOL

BYLAE A

Die area wat hieronder geïdentifiseer is, word beskou as so nabygeleë aan die skool dat die uitsluiting van 'n leerder wat binne hierdie grense woon as onredelik, selfs onverdedigbaar, bestempel kon word; met uitsondering van spesifieke diskwalifiserende faktore, insluitende maar nie beperk tot die volgende: voldoen nie aan die ouderdomsnorm of akademiese vereistes vir toelating nie, aansoek is laat ingelewer of geïdentifiseerde gedragsversteuring. Die betrokke area sluit al die wonings en werkplekke in wat nader aan hierdie skool as aan enige ander een geleë is, indien die kortste begaanbare en billike roete van een plek na die ingangsplek van die skool gevolg word.

Voorkeurorde totdat die skool kapasiteit bereik het:

A. Wonings wat die naaste aan Laerskool Eversdal geleë is.
B. Broers en susters van een gesin, indien die broer/suster die komende jaar in die skool sal wees.
C. Werkplek wat die naaste aan Laerskool Eversdal geleë is.

Die volgende sluit voorbeelde van areas wat binne die geografiese area geleë is, in:

- **Naaste skool** (geografies die naaste aan die skool), bv. Everglen, Durbell, Eversdal, Chantecler, Stellenryk, Stellenberg, Glen Ive, Bethanie, Rosendal, East Rock, Silverstream.

- **Hierby ingesluit is ook sekere strate in die volgende woongebiede** (nie die naaste aan die skool), bv. Amanda Glen, Vredekloof, Vredekloof Heights, Stellenridge en Ridgeworth. (Hierdie ouers moet dit oorweeg om in te skryf by die skool wat die naaste aan hulle geleë is).

- **Ander areas:** Hierdie aansoekers sal op 'n waglys geplaas word en ouers word aangemoedig om hul kinders ook by ander skole in te skryf.

GETEKEN: H. L. ARANGIES
LAERSKOOL EVERSDAL: SKOOLHOOF
2019

GETEKEN: JACQUES ODENDAAL
BEHEERLIGGAAM: VOORSITTER
2019